# L. J. du Plessis as "Politieke Profeet"

P.J.J.S. POTGIETER
*Departement Staatsleer, P.U. vir C.H.O.*

*ABSTRACT*

*In 1960, after serious differences of opinion with the Party leaders on matters of policy, the late Prof. L. J. du Plessis was expelled from the National Party. Since then, some of his views have become accepted policy, and others, such as for example the idea of a constellation of Southern African states, enjoy national scrutiny at the moment. In the present quest for a new constitutional dispensation for South Africa, his views are still valuable. An issue for which he gained wide notoriety especially among the political leaders of the day, was his uncompromising rejection of the element of white supremacy in the policy of the National Party. In this he clashed especially with Dr. Verwoerd. His views on the problems of South African politics as well as the foundational bases on which these views rested, are discussed in this article.*

Diegene wat L. J. du Plessis se politieke standpunte van die vyftiger- en sestigerjare geken het, sal weet dat baie van hierdie standpunte reeds praktiese politiek geword het of op die vooraand van verwesenliking staan. Al is die besonderhede nie presies soos hy dit gestel het nie, staan dit nogtans vas dat die Suid-Afrikaanse politiek ontwikkel, het en in die afsienbare toekoms nog verder sal ontwikkel in die rigting wat hy twee dekades gelede reeds voorsien het.

Met profetiese insig het hy op die fronte van die Suid-Afrikaanse politieke problematiek beweeg en met oplossings gekom wat ver vooruit gegryp het op die destydse politieke situasie en juis daarom veral by die politici baie ongewild was. Teenoor die tipiese korttermyn- en sensionele hantering van sake deur die politici het L. J. du Plessis gesoek na langtermynoplossings wat "in lyn met die geskiedenis lê" en wat met die ontwikkelingsgang van die beskawing ooreenstem. In daardie sin word na hom as 'n politieke profeet verwys. Sy bepaalde historiese benadering van die Suid-Afrikaanse politieke problematiek het hom in staat gestel om ver verby sy eie tyd te sien. Maar dit was ook, soos met alle profete, sy probleem. Hy is grootliks misverstaan, ook deur sy eie mense op Potchefstroom. In welke mate verwerping deur sy kollegas in die akademiese wêreld en in die politiek vir sy sogenaamde eksentriekheid en ongebalanseerdheid verantwoordelik was, sal ongelukkig nooit presies bepaal word nie.

Nou, 21 jaar na sy breuk met die politieke leiers van daardie tyd, is sy standpunte nog ter sake. Miskien is dit nou éérs van belang, omdat die Suid-Afrikaanse politiek nou by die vergesigte staan wat hy toe al gesien het: die besef dat geopolitieke apartheid nie die volle oplossing is nie; die soeke na 'n akkommodasiepatroon vir Wit, Swart en Bruin in Suid-Afrika; die ontwerp van 'n konstellasie van onafhanklike dog onderling afhanklike state in Suider-Afrika ens. In 1950, toe die meeste Afrikaners nog aan blote apartheid met Blankebaasskap geglo het, het hy al gewaarsku: "Suid-Afrika sal gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu tot die noodsaaklike krisismaatreël van 'n ooreengekome (nie eensydige) naturellebeleid gedwing word deur die drang van binnelandse omstandighede . . . . . . " Later het hy die basis van so 'n ooreenkoms tussen Wit en Swart duidelik uitgestippel. Die sistematisering en interpretasie van L. J. du Plessis se politieke beskouinge wat hieronder volg, is dus bedoel om meer as 'n dankbare herinnering te wees. Dit is ook bedoel as 'n bydrae tot die politieke debat wat tans in die land aan die gang is. Sy standpunte het regstreeks betrekking op die probleme wat tans onder oorweging is. Sy historiese benadering kan die dieptedimensie verskaf wat teenswoordig ook nog in die soeke na nuwe antwoorde ontbreek.

Hoewel L. J. du Plessis hom sy lewe lank met die politiek besig gehou het, sal hieronder slegs aan die tydperk 1950 tot 1960 aandag gegee word. In 1953 het hy, na sewe jaar as sakeman in Johannesburg, weer sy akademiese loopbaan hervat. Die Nasionale Party was toe al stewig in die saal en het toe begin om sy beleid te ontplooi. In die daaropvolgende tien jaar het hy as akademikus, takvoorsitter van die Nasionale Party en uitvoerende raadslid van die Afrikaner-Broederbond baie nou met hierdie beleidsontplooiing saam geleef. Sy rol daarin het gewissel van apologeet tot felle kritikus. In 1960 het sy teenkanting teen die wyse waarop die beleid gehanteer word, die punt bereik waar dit vir hom nie langer moontlik was om daarmee geassosieer te wees nie en het hy hom in die openbaar van die politieke leiding van dr. Verwoerd gedistansieer. Kort daarna, in 1961, het hy van die politieke toneel verdwyn.

Ongelukkig het baie stukke waarin sy politieke standpunte gestel is, verlore geraak, en baie kon nie opgespoor of as sy persoonlike standpunt geïdentifiseer word nie. Genoeg het egter behoue gebly om 'n redelike betroubare rekonstruksie van sy politieke visie moontlik te maak. Metodologies is dit ook nie moeilik om 'n rekonstruksie te maak nie, omdat sy denke deur logiese eenvoud en beginselvastheid gekenmerk word. Die standpunte wat hy aan die begin ingeneem het, het nooit radikaal verander nie. Die tyd het groter helderheid en later

ongeduld gebring, maar nooit het hy van basiese oortuiging verander nie. Sy politieke visie kan egter alleen verstaan word as dit, soos hy dit self gedoen het, in die konteks van die "historiese beskawingsontwikkeling" geplaas word. Daar sal dus nou eers aan sy geskiedenisbeskouing en aan Suid-Afrika se plek in die geskiedenis aandag gegee word. Dan sal die konkrete betekenis (beleidsgewys) van Suid-Afrika se roeping, soos hy dit sien, verduidelik word en dan ten slotte die probleme wat hy ervaar het, met die politici se verwesenliking van dié beleid.

## SUID-AFIKA IN HISTORIESE EN WêRELDVERBAND

Vir L. J. du Plessis kon gebeure in Suid-Afrika, en dus ook die wyse waarop daar beleidmatig op gereageer word, nie van die "wetmatige gang van die historiese beskawingsontwikkeling" losgemaak word nie. Hierdie "gang" het volgens hom 'n bepaalde ontwikkelingslyn wat die raamwerk verskaf waarbinne Suid-Afrika in Afrika- en wêreldverband moet optree en wat neerkom op die eenwording van die wêreld met die oog op die wederkoms van Christus. Hierdie tema (die komende eenwording van die wêreld) en die noodsaaklikheid om die politiek in die lig daarvan te bedryf loop soos 'n refrein deur sy werk en kan inderdaad as beginsel van sy politieke visie beskou word (vgl. Towards one world-how, *1958 en Die sin van die geskiedenis,* 1960). L. J. du Plessis gaan uit van 'n organies-geestelike eenheid van die mensdom. Ten spyte van die verskeidenheid en verdeeldheid wat deur die sonde bewerkstellig is, is die mensdom vir hom 'n eenheid met een enkele bestemming, naamlik om die aarde te vul en dit te beheers. Ter wille van hierdie roeping tot verenigde heerskappy oor die aarde, sê hy, moet die mensdom hom tot 'n eenheid van wêreldwye omvang verenig *(Die sin van die geskiedenis,* 1960, p 11). Hierdie eenwording van die mensdom neem in die geskiedenis steeds duideliker vorm aan. Op kleiner skaal was die destyds beskaafde wêreld reeds voor die eerste koms van Christus 'n eenheid. 'n Eenheid van universele omvang is egter in die twintigste eeu besig om te ontwikkel met die oog op die tweede koms van Christus *(Staat en reg,* 1962, p 2).

Die finale eenheid kan egter, volgens hom, slegs te voorskyn kom uit die oorwinning van òf die geloofsbeginsel òf die ongeloofsbeginsel òf uit hulle samesmelting. Die stryd tussen hierdie twee beginsels kenmerk die geskiedenis van die 20ste eeu. Die wêreldstryd gaan naamlik daaroor of die eenwording sal plaasvind volgens die geloofsbeginsels van eenheid met verskeidenheid en vryheid en of dit sal plaasvind volgens die ongeloofsbeginsel van kosmopolitiese eenheid van massale uniformiteit sonder eerbiediging van verskeidenheid en vryheid *(Apartheid,* 1957, p 21). Eersgenoemde is vir hom die grondgedagte van die Westerse beskawing, terwyl laasgenoemde die beginsel is waarop die

Kommunisme gegrond is. Die rasseproblematiek konfronteer Suid-Afrika met 'n keuse tussen hierdie twee beginsels.

Vir L. J. du Plessis was daar geen twyfel oor die keuse nie; vanuit die sterk reformatoriese tradisie van die Afrikanerdom is die keuse reeds ten gunste van die Westerse beginsel gemaak, en in die lig van die heersende wêreldstryd is dit in besonder die taak van Suid-Afrika en die Afrikandom om Afrika vir die Westerse beginsel te wen.

Suid-Afrika en die Afrikaner se Afrikaroeping in hierdie konteks het vir hom baie swaar geweeg. Dit is 'n tema wat telkens in sy geskrifte teruggevind word. Trouens, dit kan as die "Leitmotiv" in sy hele benadering van die Suid-Afrikaanse rasseproblematiek beskou word. In 1958 skryf hy: "Met die oog op die gesketste ontwikkeling van wêreldgebeure is dit in besonder die taak van Suid-Afrika en die Afrikanerdom om die beleid van nasionale differensiasie met internasionale samewerking in Westers-Christelike verband universeel en in besonder vir Afrika te bevorder in teenstelling met alle totalitarisme en kosmopolitisme" *(Die huidige buitelandse gebeure . . . )*. Daarmee het hy bedoel dat Suid-Afrika 'n leidende rol in die vrywording van Afrika moet speel: " . . . die rewolusie wat ons in Afrika moet lei . . . is dié van die vrymaking van alle volke van Afrika . . . Anders beantwoord ons nie aan ons bestemming nie en moet verdwyn" *(Unie se rol in die politieke ontwikkeling van Afrika,* 1958, p 27). Die volke van Afrika moet geëmansipeer, tot selfstandige nasies ontwikkel en in die Westerse staatkundigeekonomiese stelsel ingeskakel word. Die stryd om die hart van Afrika moet deur die Afrikaner gelei word, maar dit is onmoontlik as sy eie huis nie eers in orde is nie. Sy Afrikataak is dus beslissend ten opsigte van die beleid wat Suid-Afrika in verband met sy eie rasseproblematiek volg. Die vraag is egter: Wat beteken die Westerse beginsel in terme van 'n rassebeleid vir Suid-Afrika?

## WESTERSE BEGINSEL OP DIE RASSEVRAAGSTUK TOEGEPAS

Prof. Du Plessis was gekant teen rassegelykheid in 'n oop demokratiese stelsel. So 'n kosmopolitiese eenvormigheid en versmelting was vir hom nie in ooreenstemming met die beginsel van eenheid met verskeidenheid nie *(Eis Christelike beleid selfvernietiging?,* 1954). Daarteenoor was hy ten gunste van 'n beleid van "apartheid". Daar is talle voorbeelde van gevalle waar hy die apartheidsbeleid verdedig of dan die denkbeeld van "staatkundige gebiedskeiding in ooreenstemming met die historiese afgrensing van etnies-kultureel oorwegend homogene

volke met die oog op nasionale selfbeskikking in internasionale saamwerking" (*'n Toegewyde tydswoord* . . . , 1960 p 7). Die bekendste voorbeeld in hierdie verband is sekerlik sy boekie met die titel *Apartheid: ja of nee of ja-nee* (1957), wat geskryf is as antwoord op ds. Buskus se aanval op die apartheidsbeleid (Buskus, J. J. 1955. *Zuid-Afrika's apartheidsbeleid onaanvaarbaar.* Daamen, Bakker). In hierdie boekie betoog hy dat apartheid in wese "maar net gebaseer is op die Skriftuurlike en Westerse beginsel . . . " (p 7). In dieselfde jaar (1957) verdedig hy die apartheidsbeleid in 'n toespraak in Pretoria deur te betoog dat hierdie beleid "gebaseer is op die deurlopende lering van die Heilige Skrif, van Genesis tot Openbaring . . . en dat dit in lyn lê met die werklike historiese ontwikkeling tot nog toe sowel in ons moederlande as in Suid-Afrika . . . "(*Grondtrekke van 'n toekomstige rassebeleid vir Suid-Afrika,* 1957, p 2).

Hy gee egter ook toe aan ds. Buskus dat nie alles met die apartheidsbeleid in orde is nie. Vandaar sy ja-nee-antwoord op ds. Buskus se aanklag.

Dit moet egter duidelik gestel word dat prof. Du Plessis 'n spesifieke opvatting van die apartheidsbeleid gehad het en wel een wat vir sy politieke tydgenote onaanvaarbaar was. Drie fasette of komponente kan in hierdie beskouing onderskei word: die gedagte van volle nasionale selfbeskikking vir die Swart volke, die totstandbrenging van 'n konstellasie van onafhanklike state in Suider-Afrika en die inskakeling van die Nie-Blankegemeenskappe wat in die politiek-ekonomiese huishouding van Suid-Afrika nie deel van die Swart state kan word nie. Vir 'n duidelike begrip van sy politieke visie is dit noodsaaklik om elk van hierdie fasette van nader te bekyk.

## NASIONALE SELFBESKIKKING VIR ALMAL

L. J. du Plessis was daarvan oortuig dat die Westerse beginsel van eenheid met verskeidenheid en vryheid in die praktyk van die Suid-Afrikaanse situasie vereis dat alle lewensvatbare volke die geleentheid moet kry om vry te word. Daarmee het hy bedoel dat die ontwikkeling bevorder moet word van "leefbare nie-blanke nasionale state, langs die historiese skeidingslyne, met uiteindelik volle selfbeskikking in eie nasionale gebiede . . . " *(Grondtrekke van 'n toekomstige rassebeleid vir Suid-Afrika, 1957, p 3).*

Hierdie emansipasie is volgens hom nie alleen in beginsel korrek nie; die realiteit van Swart nasionalisme maak dit onvermydelik. Hy stel die gewetensvraag aan sy mede-Afrikaners of hulle, wat die eerste nasionale bevrydingstryd in Afrika gestry

het, dan nie kan begryp dat geen menslike mag die opstuwende Swart nasionalisme kan keer nie *(Apartheid,* 1957, p 30 - 1). Hy het daarvoor gepleit dat 'n billike deel van Suid-Afrika sonder versuim vir Swart nasionale state afgesonder word. "As ons hiertoe nie bereid is nie," waarsku hy, "sal hulle ongetwyfeld binne afsienbare tyd die beheer oor die hele Suid-Afrika oorneem" *(Blanke nasionaliste . . .* , 1957, p 8).

Maar as Afrikanernasionalis eis hy dieselfde voorreg vir die Blankes op. Volle verwesenliking van menseregte en nasionale selfbeskikking moet vir die Swart volke gegee word, sê hy, maar "onder die vir ons vanselfsprekende en onvoorwaardelike voorbehoud dat daardeur menseregte en selfbeskikking vir die gevestigde blanke gemeenskappe van Afrika nie in gevaar gestel word nie . . . " *(Toegewyde tydswoord . . . 1960, p 6 - 7).*

Die interessante van hierdie beskouing was dat dit geformuleer is lank vóór die idee van soewereine Swart state aanvaarde regeringsbeleid was. Selfs in die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur van 1959 was die beskouing van soewereine Swart state nie opgeneem nie. Maar prof. Du Plessis het dit reeds van 1955 af as die kern of beginsel van die apartheidsbeleid gestel. Hoewel die gedagte vroeër reeds implisiet in sy beskouing aanwesig was (in 1952 praat hy al van "die uiteindelike ontvoogding van die gekleurde rasse" *(Uiteindelike keuse,* 1952, p 8), pleit hy sedert 1955 duidelik en onafgebroke vir die nasionale selfbeskikking van die Swart Volke.

In 1956 skryf hy: "Ek twyfel ook nie daaraan nie dat die Nasionale Regering. . . binne afsienbare tyd die nasionale vrymaking van die Bantoe en ander nasionale groepe in Suid-Afrika openlik as sy leuse sal aanvaar, want dit is die onafwendbare konsekwensie van Christelike Nasionalisme in hierdie tydsgewrig . . " *(Die volgende 50 jaar,* 1956, p 9). Min het hy geweet dat dit nog etlike jare sou duur en veel stryd van sy kant sou verg voordat dit sou gebeur.

## 'N SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE

Prof. Du Plessis se besef van die noodsaak om die opkomende Swart nasionalisme in die bane van soewereine Swart state te lei het egter gepaard gegaan met die besef dat hierdie nuwe state en Suid-Afrika self in 'n groot mate van mekaar afhanklik sal wees - ekonomies en andersins. Daarom het hy gepleit vir die oprigting van 'n gemeenskap van state in Suid-Afrika op 'n federale grondslag. Die federale grondslag is noodsaaklik omdat dit, volgens hom, die

enigste basis vir internasionale samewerking verskaf wat die selfstandige bestaan van die verskeidenhede binne 'n groter geheel waarborg. Dit gee dus uitdrukking aan die Westerse beginsel van eenheid met verskeidenheid en vryheid.

In 1961 het prof. Du Plessis 'n duidelike skets (met ampsdraers en al!) gemaak van hoe 'n Suider-Afrikaanse federasie in daardie stadium daar sou kon uitsien. Dit is die moeite werd om hierdie dokument in sy geheel weer te gee omdat die onderwerp tans so aktueel is en daar nog steeds geen basiese model vir die voorgestelde konstellasie van state te voorskyn gekom het nie.

"In what follows I am giving free rein to my political imagination and my patriotic devotion to Southern Africa in a spirit of faith, hope and charity, unhampered by any party-political emcumbrance or parliamentary aspirations, but in complete loyalty to Afrikanerdom as always.

1. I begin by imagining the future governmental personel as follows, without consultation with or consent of the persons mentioned from now on:

Dr. Verwoerd as President, Dr. Dönges as Prime Minister, Sen. de Klerk as Leader of the House and Minister of Group Organisation, Sir Francis de Guingand as Minister of Finance, Mr. J. Fouche as Minister of Internal Securtiy, Dr. J. van Rensburg as Minister of Defence, Mr. Harry Openheimer as Minister of Economic Affairs and Mr. Schoeman as Minister of Communications. The rest is immaterial, except that provision will have to be made for a Natalian, a South Wester, a Rhodesian, a Coloured, a Bantu and perhaps an Indian, who has adjured the further protection of Mother India, while Mr. G. Jooste or Mr.W. du Plessis might be suitable Ministers of External Affairs.

2. Under this Goverment the constitutional structure will be federal with neither equal nor proportional representation of the constituent parts of the Federation, but with a pliable system of representation graduated according to the number of constituent parts and their several national incomes and territorial extent and populations.

The constitutional form of the constituent parts will be decided by themselves and may include republics, monarchies and others and the powers of the federation will have to be progressively determined by agreement but must ultimately include External Affairs, Internal Security and Communications.

For years to come the predominant partner will be the present Union which itself gradually assume an original kind of Federal structure, although remaining a unitary state, with perhaps a special position for Southern Natal to be decided in consultation with its Indian population, that is to say if Natal really wants a special "Natal stand", which I doubt.

The first constituents will probably be the Union and South West Africa, after consultation with U.N.O. and Great Britian, which may be followed by the Protectorates, to be redelimited in consultation with the United Kingdom, and to include a new Protectorate of Ovambo- and Hereroland.

Then the Rhodesians may join in and thereafter the sky is limit. The Federation will develop its own parliamentary system, which need not concern us now.

3. The representative system of the Union itself will have to be drastically re-organized somewhat on the model of the Republics and modern pluralistic ideas for the construction or rather organisation of the body politic.

I may be allowed to imagine something along the following lines:

The Senate to be replaced by an advisory socio-economic Council, partly nominated by the President-in-Council, partly elected by Economic and other Social Chambers under the Chairmanship of Mr. F. J. du Toit of Dr. H. J. van Eck of Dr. F. Meyer with a function corresponding to the Republican Second Volksraad and Economic Advisory Councils here and elsewhere.

Furthermore, in this Council and in the Volksraad provision will gradually have to be made for real Coloured and Indian Representatives.

There are also the Union Bantu to be considered, who will, however, partly have been incorporated into the Protectorates.

For the rest the system will necessarily have to be rather complex.

Assuming that the Bantustans will thoroughly developed in all respects, they may ultimately become constituent Parts of the Federation with an indigenous system of representative government incorporating their special type of "African Personality" at the same time they could become representative of their ethnic members outside their areas.

But meanwhile these Bantu will have to be provided with a suitable representative system of local government, culminatingin some form and measure of parliamentary representation in the Union similar to the system for the Coloureds and Indians.

Alternatively, they might be represented specially in their respective Bantustans and so indirectly in the government of the Federation.

In any case the federalisation required in the over-all representative structure will have to be based not only on territorial and ethnic consolidations but also on scattered group formations with local selfgovernment somewhat on the lines the Jews had in their diaspora during their long history, not to mention the Gypsies.

4. This system will require certain important economic, social and demographic measures of an imaginative character and scope, viz. the industrial development of the reserves on an unprecendented scale with the aid of imported capital and personnel under the aegis of a worth-while Development Corporation; the "forced" improvement of labour conditions in European employment and large-scale assisted immigration especially from Western Europe.

5. This is the framework which I hope to discuss with you by means of questions and answers and spontaneous comment, and towards the end of the year I hope

to underpin it ideologically in my doctorate thesis for which I have now registered at Potchefstroom and for which I hope to have as examiners i a the following men of learning and consequence: (name ontbreek in oorspronklike)

P. S. To show that all this is not simply an idle dream I conclude by suggesting how it may be realized in practice by means of coalition, interracial and international consultation.

And the following modification may result therefrom.

1. The Union Parliament and Government will represent exclusively White South Africa, and will be republican and unitary in constitutional form.

2. It will, however, develop not a multiracial but a multinational co-ordinating Council for interracial and interterritorial affairs with an advisory function but also with restricted legislative and executive powers in that domain, these powers to be gradually increased by transfer from the Union and other governments concerned.

3. In this Council the several nationalities and potential nations of Southern Africa will receive progressively indirect representation according to their national incomes, territorial extent and numbers.

4. These nationalities and nations will gradually receive local and group and territorial and national selfgovernment according to the special circumstances of each, not necessarily or exclusively on a territorial basis but also when and where required on a personal basis, as is the case in church government.

5. These subordinate or constituent governments may be republic or monarchic, parliamentary or tribal, with a general tendency towards universal democracy, their starting points being group representative boards for Coloureds and Indians, Bantu authorities and of course the Union government to which could be added in the course of time the governments of South West Africa, the Protectorates and Rhodesia.

6. The Union Bantu wherever resident could generally be represented democratically and/or tribally in their respective ethnic authorities except for those that could be grouped with the Coloureds.

7. Influx control and territorial restrictions could under this system be gradually abolished and at the same time self-government be guaranteed for all the peoples of Southern Africa, without the necessity of consolidating all Bantu Areas into territorially unbroken Bantu states.

8. In fact full liberty could be bestowed on all such a federal basis without any disruption and South Africa could take its proper place as the leading African State, with the Bantu freely occupying White Reserves and Preserves and vice versa as agreed upon, without necessarily destroying local apartheid (*A possible future federation for Southern Africa*, 1961).

Hierdie dokument spreek vir homself. Dit is merkwaardig hoe akkuraat die politieke ontwikkelinge van die afgelope twintig jaar die rigting gevolg het wat deur prof. Du Plessis aangedui is, hoewel die volle pad nog nie geloop is nie. In die afgelope aantal jare het gebeur wat hy in paragraaf 4 van die aanhangsel gestel het: "These nationalities and nations will gradually receive local and group and territorial and national selfgovernment according to the special circumstances of each . . . " Dit is ook nie moeilik om 'n ooreenkoms te sien tussen die "multinational co-ordinating Council" wat prof. Du Plessis voorstel en wat geleidelik die funksies van 'n federale regering moet oorneem, en die huidige Presidentsraad nie.

Daar moet egter spesiaal melding gemaak word van die ooreenkoms tussen prof Du Plessis en mnr P W Botha se sienings van die plek van die Swartes in RSA in die federasie/konstellasie. Volgens mnr Botha se konsepsie sal die Swartes wat in die RSA oor *nadat* die Swart volke onafhanklik geword het en lede van die konstellasie geword het, nie deel van die RSA se politieke huishouding word nie maar via die Swart state verteenwoordiging in die konstellasie ontvang. Prof. Du Plessis het dieselfde standpunt in 1961 gestel: " . . . they might be represented specially in their respective Bantustans and so indirectly in the government of the Federation" (p 2); en verder: "The Union Bantu wherever resident could generally be represented democratically and/or tribally in their respective ethnic authorities except those that could be grouped with the Coloureds" (p 4). Prof. Du Plessis het darem, anders as mnr. Botha, daarvoor voorsiening gemaak dat hierdie Swartes, solank hulle nog nie voldoende in die Federasie geakkomodeer is nie, in die politieke struktuur van die RSA opgeneem kan word: "But meanwhile these Bantu will have to be provided with a suitable representative system of local government, culminating in some form and measure of parliamentary representation in the Union similar to the system for the Coloureds and the Indians" (p 2). Hierdie saak - die posisie van die Swartes in 'n toekomstige konstitusionele bedeling - is tans die grootste enkele struikelblok in die pad van betekenisvolle vordering op politieke gebied. Dit is nie onmoontlik dat sake binnekort die rigting sal opgaan wat prof. Du Plessis met sy *provision* aangedui het nie. Die hele gedagte van 'n konstellasie van state en van 'n nuwe konstitusionele bedeling kan nie verder ontplooi word as hierdie probleem nie bevredigend opgelos is nie. En die oplossing wat prof. Du Plessis aandui, blyk die enigste sinvolle oplossing in die omstandighede te wees.

Daarmee het ons reeds by die derde aspek van sy beskouing gekom.

## DIE SWARTES IN BLANKE GEBIED

In 1956 het prof Du Plessis nog geglo dat, gegee die verbeeldingryke ontwikkeling van die Swart gebiede en hulle eventuele onafhanklikheid, Blanke-Suid-Afrika geleidelik oorheersend blank sal word " . . . deurdat die nie-blankes na hulle eie nasionale state aangetrek sal word en blanke Suid-Afrika as republiek op veel groter skaal Westerse immigrante sal assimileer" *(Die volgende 50 jaar,* 1956, p 9). Spoedig daarna het hy egter besef dat dit nie sal en kan gebeur nie. Aan ds. Buskus verduidelik hy in 1957 (ná die verskyning van die Tomlinsonverslag) dat die Swartes in Blankegebied teen die jaar 2 000 "nog minstens net so talryk sal wees as vandag, om nie eens te praat van die intussen sterk vermeerderde kleurlinge en Indiërs nie" *(Apartheid,* 1957, p 28). Ons sal moet rekening hou, sê hy, met die feit dat, ten spyte van sewe potensiële Bantoestate, daar meer gevestigde Nie-Blankes as Blankes in die "blanke" staat sal wees. In hierdie omstandighede is dit vir hom onsinnig om Blankebaasskap te probeer handhaaf en futiel "om te praat van onthouding van politieke en ander regte aan nie-blankes in die Unie op grond daarvan dat hulle in die Unie self as potensiële blanke staat net tydelike gaste is" *(Apartheid,* 1957, p 29).

Wat moet dan die posisie van die Swartes in Blankegebied wees?

Prof. Du Plessis se standpunt in hierdie verband kan onder drie aspekte opgesom word: uiteindelik volle Republikeinse burgerskap, beëindiging van Blankebaasskap maar ook geen rassevermenging of onderploeging van die Blankebevolking nie.

Oor die eerste skryf hy in 1960 aan dr.Verwoerd dat 'n indringende beleidsontwikkeling noodsaaklik geword het en dat as 'n belangrike deel van verdere beleidsontplooiing aanvaar moet word die "inskakeling van nie-blanke gemeenskappe binne die Republiek wat nie burgerreg kan verkry in die Bantoestate nie, in die politieke volksverteenwoordiging van die Republiek deur 'n geleidelike oorgang van kommunale verteenwoordiging in 'n tweede volksraad tot algemene volwassene-stemreg en also tot volle Republikeinse burgerskap . . . " *(Toegewyde tydswoord . . . ,* 1960, p. 8).

Oor die kwessie van Blankebaasskap was hy selfs nog eksplisieter. In 1957 het hy teenoor ds. Buskus erken dat " . . . baie van ons wel apartheid bepleit maar die konsekwensies daarvan nie durf aanvaar nie. ons leef daarenteen in die salige hoop, of liewer illusie, dat apartheid halt kan roep by die groots moontlike skeiding

van rasse in een veelrassige samelewing onder permanente baasskap van die blankes!" *(Apartheid*, 1957, p. 25). In die konteks van Suid-Afrika se Afrikaroeping was daar vir hom geen ruimte vir blankebaasskap en die gepaardgeaande diskriminasie teen die Swartes op rasgronde nie. Trouens vir hom was dit die toppunt van roepingversaking en die oorsaak van Suid-Afrika se wêreldverstotenheid. In 1960 skryf hy: "Blankebaasskap is inderdaad die grondoorsaak van ons wêreldverstotenheid. Want of dit nou as leuse of beleid of beginsel reg of verkeerd is, dit is alleen ons wat dit nog handhaaf in die ganse wêreld; en die wêreld as geheel beskou dit as 'n ondraaglike struikelblok vir wêreldvrede en wêreld-vereniging . . . " (*Ons, die wêreldverstotenes,* 1960, p.1). Dit is hoog tyd, sê hy, "om baasskap te vervang deur broederskap, tussen Boer, Brit en Bantoe en alle ras-elemente wat in Suid-Afrika tussen hulle ingevoeg is ..." *(Nasionale roeping,* 1960, p. 316).

Hy waarksu egter dat sy aandrang op die beëindiging van Blankebaasskap nie beteken dat hy ten gunste is van "'n gelyke deelgenootskap van alle nasionaliteite sonder onderskeid nie . . . ." *(Grondtrekke van 'n toekomstige rassebeleid vir Suid-Afrika,* 1957, p. 2). Dit sou net so onrealisties wees as blankebaasskap. Die ras-, kultuur- en beskawingsverskille tussen die oorblywende bevolking sal voortbestaan omdat dit werklikhede is. Apartheid op ras-, kultuur- en beskawingsgronde is 'n natuurlike verksynsel; dit kom dwars deur die wêreld voor. Dit moet egter in staatlike sin so gehanteer word dat daar nie teen groepe of individue op grond van hulle velkleur gediskrimineer word nie. Hiervoor sou 'n *federale struktuur* ook vir Suid-Afrika self die oplossing kan bied. Hy stel dit so: "Is die staatsvolk kultureel uni-nasionaal, dan kan dit maklik 'n eenheidstaat dra; is dit multinasionaal, dan is die alternatief vir imperialisme of diktatuur een of ander vorm van federalisasie" *(Nasionale roeping,* 1960, p. 314). Daardeur sou die Swartes "gepaste medeseggenskap" in Suid-Afrika kon kry sonder om baasskap oor Blanke Suid-Afrika te kry.

Die gedagte dat Suid-Afrika self, ter wille van sy plurale samelewing, ook 'n federale politieke struktuur moet aanneem, kom ook duidelik in sy voorstel vir 'n federasie vir Suidelike Afrika na vore. Daarin skryf hy: "For years to come the predominant partner (in the federation) will be the present Union which will itself gradually assume an original kind of federal structure, although remaining a unitary state . . ."; en verder: "The representative system of the Union itself will have to be drastically reorganized somewhat on the model of the old Republics and modern pluralistic ideas for the construction . . . of the body politic" *(A possible future federation for Southern Africa,* 1961, p. 1-2). Aanvanklik sou die

Senaat omgeskep kon word in 'n liggaam waarin die Kleurlinge, Indiërs en Swartes verteenwoordig word - wat die oorspronklike bedoeling met die Senaat was.

Dit is dus duidelik dat L. J. du Plessis bereid was om die Swartes, wat polities nie in die Swart state geakkommodeer kon word nie, saam met die Kleurlinge en Indiërs as gelyke burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek te aanvaar. Op grond van sy beginsel van eenheid met verskeidenheid was hy egter nie bereid om vir die RSA 'n "oop" demokratiese stelsel (d.i. 'n Westminsterstelsel met een-mens-een-stem) te aanvaar nie: "Om egter verskillende nasionaliteite . . . in een staat saam te gooi en hulle te integreer in gelykheid, is nie 'n Westerse stelsel nie, maar is Oosters en Kommunisties of Rooms Katoliek en histories kon dit nog steeds net deur 'n diktatuurstelsel verwesenlik word" *(Grondtrekke van 'n toekomstige rassebeleid vir Suid-Afrika,* 1957, p. 3-4). In plaas daarvan sien hy die oplossing in die rigting van federalisasie en desentralisasie. Dit sal die lewensruimte van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika waarborg, terwyl dit terselfdertyd in die behoefte na eenheid en samewerking en gemeenskaplike belange voorsien.

## POLITIEKE TESTAMENT

Al hierdie beskouings is sistematies saamgevat in 'n dokument wat as L. J. du Plessis se politieke testament beskou kan word. In 1960, toe dr. Verwoerd nog in die hospitaal was ná die sluipmoordaanslag op hom, het prof. Du Plessis aan hom 'n memorandum gestuur waarin hy dringende en noodsaaklike beleidsaanpassings voorstel (vgl. *'n Toegewyde tydswoord . . . 1960).* Daarin betoog hy dat Suid-Afrika, by geleentheid van die vyftigste herdenking van die Unie en die komende republiek, op die drumpel van 'n nuwe era staan. Die tyd het aangebreek, sê hy, "om die omvattende toekomsvooruitsigte van ons volksbeleid verder oop te rol" en om " die positiewe toekoms-implikasies van ons differensiasie-beleid te beklemtoon" (p.3-4). En dan gaan hy voort om die vergesigte oop te rol "en wel nie as onmiddellike praktiese politiek in alle opsigte nie, maar as uiteindelike doelstellinge" (p. 4)

Die eerste is die ontwerping van 'n internasionale Afrika-oktrooi. Daarmee bedoel hy 'n beleidsverklaring of verklaring van voorneme wat die basis vir Suid-Afrika se roepingsvervulling in Afrika moet verskaf. As inhoud van die voorgestelde Afrika-oktrooi stel hy die volgende (p. 7 - 8):

**"a Uitnodiging van nie-Afrikaanse Republikeine tot georganiseerde saamwerking in die voorbereiding, vorming en regering van die republiek en oorleg met verant-**

woordelike en verteenwoordigende nie-blanke vertrouensmanne tot die geleidelike uiskakeling van onnodige rasse-diskriminaise binne die blanke gebied en die ontwikkeling van nie-stedelike selfbestuur in die blanke gebied en demokratiese nasie-vorming in die Bantoe-gebiede.

b Saamwerking met die Verenigde Nasies, die Verenigde Koninkryk en ons Noordelike Buurstate tot die modernisering en gesonde afbakening van leefbare nie-blanke nasionale state Noordwaarts, gepaard met die nasionale beveiliging van oorwegend blanke state, ook langs die weg onmiddellike diplomatieke skakeling met die betrokke nie-blanke en blanke nasionale gemeenskappe tot onderlinge saamwerking.

c Die onmiddellike voorbereiding van etnies-saamhorige Bantoestate in Suidelike Afrika as geheel, in eerste instansie in oorleg met die Verenigde Koninkryk en die Verenigde nasies en die Sentraal-Afrikaanse Federasie, ten opsigte van die Protektorate, die vroeëre Mandaatgebied en die Rhodesiës.

d Die ontwerping van 'n federale verband met die wordende Bantoe-state en die aangrensende blanke gemeenskappe, met verteenwoordiging aanvanklik op die grondslag van nasionale inkomste, oorgaande tot 'n eweredigheid volgens bevolking.

e Die geleidelike terugtrekking, met die oog daarop, van die Republikeinse gesagsvoering tot die oorwegend blanke gebied van die huidige Unie en Suidwes-Afrika, met versterking van sy blanke bevolking deur vinnige industrialisasie van die Bantoe-gebiede, verbetering van ongeskoolde arbeidsvoorwaardes in die blanke gebied en grootskaalse Westerse immigrasie daarheen.

f Inskakeling van nie-blanke gemeenskappe binne die Republiek wat nie burgerreg kan verkry in die Bantoe-state nie, in die politieke volksverteenwoordiging van die Republiek deur 'n geleidelike oorgang van kommunale verteenwoordiging in 'n Tweede-Volksraad tot algemene volwassene-stemreg en also tot volle Republikeinse burgerskap vir die gevestigde nie-blankes, beginnende by die kleurling, en so gereguleer dat blanke selfbeskikking hier nie in gevaar gestel word nie."

Konsultasie en oorlegpleging met die leiers van die ander bevolkingsgroepe is deur prof Du Plessis as onontbeerlik vir die toekoms beskou. Die nuwe Republiek sou, met die oog op sy roepingsvervulling in wêreldverband, geen eensydige en eng Afrikanerrepubliek moes wees nie. Daarom het hy ook, as aanvulling van die voorgestelde Afrika-oktrooi, ook 'n basis vir konsultasie met die "werklike vertrouensmanne van die verskillende nie-Afrikaanse bevolkingsgroepe" daargestel (p. 13-14):

"Eerstens die intensiewe modernisering van die Bantoe-gebied deur grootskaalse industrialisasie en planmatige demokratisering met alle verkrybare hulp, ook uit die buiteland.

Tweedens, waar nodig, die inrigting van groepsgebiede vir Asiatiese Suid-Afrikaners op so 'n wyse dat hulle daar 'n alsydige selfstandige ekonomie kan ont-

wikkel, namate hulle geleidelik en sonder vermybare ontwrigting gehelp is om oor te skakel van hulle huidige eensydige handelsbedrywigheid, ook met groeiende plaaslike selfbestuur soos in die geval van die kleurlinge.

Derdens, waar nodig, die inrigting van groepsgebiede vir Asiatiese Suid-Afrikaners op so 'n wyse dat hulle daar 'n alsydige selfstandige ekonomie kan ontwikkel, namate hulle geleidelik en sonder vermybare ontwrigting gehelp is om oor te skakel van hulle eensydige handelsbedrywigheid, ook met groeiende plaaslike selfbestuur soos in die geval van die kleurlinge.

Ten vierde verlening van burgerreg in die Bantoegebied aan etnies-verwante bewoners van stedelike lokasies in blanke gebied, sover moontlik, en vir die algeheel-ontstamdes die ontwikkeling van plaaslike stedelike seflbestuur in etniese verband, met verhoogde loonpeil en permanente woonreg vir hulle en hul gesinne, gepaard met alle moderne ontwikkelingsgeleenthede.

En om hierdie riglyne verder eksplisiet te maak het hy ook 'n reeks praktiese hervormings voorgestel (p 14-16). Die eerste ses is in Engels geformuleer omdat hy dit uit die "Financial Mail" van 29 April 1960 oorgeneem het:

1. Consultation between the government and urban Africans
2. Consultation between industry and its workers, including the Africans.
3. Recognition of African trade unionism.
4. A national minimum wage as a first step in raising African wages.
5. Withdrawal of job reservation.
6. Reinterpretation of the pass laws.
7. Beëindiging van alle politieke hofprosesse en vrylating van politieke gevangenes so gou moontlik.
8. Vervanging van "passe" vir alle gevestigde nie-blankes deur persoonskaarte gepaard me vrystellingskentekens.
9. Inrigting van losiesplekke by arbeidsburo's en van stedelike non-diskrimninasieklubs vir gekeurde vreemde besoekers, met algemeengeldige non-diskriminasie-kentekens, asook vir gekeurde inlanders wat met hulle sou wil verkeer.
10. Opdrag van plaaslike ordebewaring in nie-blanke stedelike gebiede aan etniese vertrouensmanne, beperking van amptelike diskresie insake rassediskriminasie en beslissing van twyfelgevalle in verband daarmee ten gunste van die potensieel-benadeeldes.
11. Algemene verligting van stedelike lewensomstandighede en hervorming van drankbeperkinge vir nie-blankes in oorleg met verteenwoordigende vertrouensmanne vir die onderskeie rassegroepe.

12. **Omskepping van potensiële opruiers tot verantwoordelike verteenwoordigers deur opheffing van die ban op die ANC en sy leiers en soortgelyke rassevoormanne en konsultasie veral met dergelike vertrouensmanne in plaas van bloot met werklike of skynbare apartheidsvoorstanders."**

Sy voorstelle aan dr. Verwoerd, wat tegelyk 'n prognose vir Suid-Afrika se politieke toekoms wou wees, kom dus daarop neer dat dr. Verwoerd, soos genl. De Gaulle met die Algerynse probleem, "aan ons rasseteenstanders 'n eerbare vrede en koöperatiewe bevryding" aanbied (p. 16). Dit beteken dat dr. Verwoerd met staatsmanswysheid - en nie met partypolitieke oogklappe nie - ontwikkelinge wat histories onvermydelik is, moet antisipeer en besluite dienooreenkomstig moet neem voordat dit te laat is. As dit nie gebeur nie, as dr. Verwoerd nie op die potensiële mag van die Swart nasionalisme ag slaan nie, as hy die vryheid van die Blankes najaag ten koste van die vryheidsdrang van die Swartes, plaas hy die toekoms van die Blankes op die spel - wat hy nie kan wen nie. Soos hy dit elders gestel het: "Maar daarmee sou nie net dr. Verwoerd en die Nasionale Party verworpe wees nie, maar die Afrikanerdom self en Suid-Afrika as geheel" *(Brief aan "The Star"* 3 Julie 1969, p. 4).

Hiermee het ons reeds gekom by prof. Du Plessis se botsing met die Nasionale Party leiers, veral met dr. Verwoerd.

## L. J. DU PLESSIS EN DR. VERWOERD

Vanuit die huidige politieke realiteite bekyk, lyk prof. Du Plessis se politieke beskouings sterk Nasionaal in die sin dat dit in hooftrekke ooreenstem met wat die Nasionale regering die afgelope aantal jare gedoen het en vir die nabye toekoms beplan. In die tyd toe hy hierdie standpunte geformuleer het, was dit natuurlik 'n heel ander situasie. Dit was 'n tyd toe die meeste Afrikaners en die Nasionale politici nog geglo het aan die groots moontlike skeiding tussen Wit en Swart in 'n veelrassige samelewing onder permanente Blankebaasskap - 'n gedagtegang wat eers in die sestigerjare deur 'n positiewer benadering by die regering vervang is en wat nou nog deur baie Afrikaners gehuldig word. Dit was 'n tyd toe die denkbeeld van onafhanklike Swart state en 'n groter staatkundig-ekonomiese verband vir die state van Suidelike Afrika nog nêrens in die Nasionale Party-denk gefigureer het nie. Die ontwikkeling van die Swart gebiede was op die basis van selfontwikkeling sonder Blankekapitaal. Die Swartes in die "Blankegebied" is - soos nou nog grootliks die geval is - beskou as politieke bywoners wat in ieder

geval geen aanspraak op medeseggenskap in Suid-Afrika het nie. Prof. Du Plessis se beskouinge het op al hierdie punte drasties van dié van die regering verskil, wat hom dan ook met die politieke leiers, veral met dr. Verwoerd, in botsing gebring het.

Die teenstrydigheid tussen wat hy as noodsaaklik vir die toekoms van Suid-Afrika beskou en wat hy in die politieke praktyk aanskou het, het hy in 1957 al duidelik verwoord: "As ons die saamwerking (van die Swartes, wat nog ontbreek) wil verkry, moet ons voordat dit te laat is, aan die nie-blanke nasies bekend maak dat ons aan hulle volle nasionaal-politieke selfbeskikking wil toestaan en gepaste medeseggenskap in Suid-Afrika as geheel, maar nooit baasskap oor blank Suid-Afrika nie. Tot nog toe het ons dit nog nie gesê nie. Inteendeel, ons het gepraat van 'n vae afsonderlike ontwikkeling wat slegs tot 'n verheerlikte plaaslike selfbestuur vir die nie-blankes kan lei, en verder van blankebaasskap tot in lengte van dae. Hier moet verandering kom, as ons nie tot knegskap wil verval nie . . . " *(Grondtrekke van 'n toekomstige rassebeleid vir Suid-Afrika,* 1957, p. 6). Later het die Nasionale politici se onvermoë om die negatiewe benadering van die apartheidsbeleid te deurbreek by hom 'n obsessie geword en het hy na hulle verwys as "ons blinde leidsliede van blindes" *(Die Suid-Wes-kwessie,* p. 123).

Reeds in 1958 het hy te kenne gegee dat hy bereid is om met dr. Verwoerd te breek oor die, na sy oortuiging, te enge Afrikanergrondslag wat dr. Verwoerd aan die Republiek wou gee, en laasgenoemde se weiering om aan die Swartes betekenisvolle medeseggenskap in die Republiek te gee *(Brief aan ACB-voorsitter,* 1958, p. 6). Toe dit later blyk dat dr. Verwoerd nie aan sy verwagtings voldoen nie en voortgaan om op die snare van blankebaasskap te tokkel, het prof. Du Plessis 'n toornige verklaring aan Die Transvaler en *The Star* gestuur wat nooit in die geheel gepubliseer is nie en ter wille van die historiese waarde daarvan hier volledig weergegee word. Dit is nie alleen interessante leesstof nie; dit werp ook 'n interessante tydgenootlike perspektief op die politieke statuur van dr. Verwoerd.

Hy skryf *(Brief aan "The Star",* 3 Julie 1960):

**"Ook volgens sy jongste toespraak skyn dr. Verwoerd te dink dat hy deur die Almagtige op besondere wyse gespaar is tot heil van Suid-Afrika. Het hy egter al miskien die moontlikheid oorweeg dat hy gespaar mag gewees het as 'n roede vir**

**Meer as 'n jaar gelede het ek in sekere Engelse koerante probeer om die ideologie van die Afrikanerdom aan Engels-sprekendes te verduidelik en vir hulle aanneemlik te maak. Maar telkens het ek gestrompel oor die struikelblok Verwoerd, totdat ek in die *Sunday Times* my verplig gevoel het om die nasionaalgesindes te waarsku teen die dodelike gevare van Verwoerdisme.**

Nou weer moet ek voor Suid-Afrika en die wêreld my oortuiging bekend maak dat Dr. Verwoerd, as hy sy houding nie radikaal wysig nie, 'n ramp kan word vir Suid-Afrika en vir die Christendom so ver dit Suid-Afrika betref, moontlik eger as Dr. de Blank.

Dit geld naamlik dié Dr. Verwoerd wat buitelandse kritiek in die snippermandjie laat beland, wat geen maagswere het omdat hy nooit twyfel omtrent die korrektheid van sy standpunt nie, wat net raadpleeg met apartheidsvoorstanders, en dan dié raadpleging daarin laat bestaan dat net hy praat en die geraadpleegdes veronderstel word om te luister, dié Dr. Verwoerd wat adjudante toelaat om liries te word oor huidige rasverhoudinge, of om nou nog die Anglo-Boere-oorlog voort te sit of sakemanne te vertel dat hulle hul neus nie in die politiek moet steek nie.

Maar dit geld veral dié Dr. Verwoerd wat blanke baasskap nog in Suid-Afrika wil handhaaf, terwyl die hele wêreld dit reeds verwerp het. Want *dit* is wat ons 'n verworpeling maak in die ganse wêreld en nie allerhande bysake of ons moontlike republiekwording of ons lidmaatskap al dan nie van die Statebond nie.

Dit is dan wat dit onmoontlik vir ons sal maak om nog lank lid te bly van die Statebond of, wat erger is, om saam met Engeland en Swart Afrika aan te sluit by die Europese Unie; wat ons sekerlik sal beroof van toesig oor Suid-Wes-Afrika, en wat sal verhinder dat ons ooit geskakel mag raak met die Britste Protektorate of die Rhodesiërs.

Blanke baasskap as beleid, dit is ons kanker, en nie kommunistiese agitators of die Engelse pers of ons eie nasionalisme of republikanisme nie. En blanke baasskap tot in onafsienbare toekoms, dit is die beleid van Dr. Verwoerd, en wel blanke baasskap van 'n permanente minderheid van blankes.

Daarom word staatsondersteunde immigrasie van blankes uitgeskakel en word huisvesting op groot skaal verskaf aan goedkoop nie-blanke arbeid in blanke gebiede sonder enige vooruitsig op politieke regte, as synde trekarbeiders; daarom word die kleurlinge afgeskeep met genadegawes en die Asiatiese Suid-Afrikaners aan die beskerming oorgelaat van Moeder Indië; en daarom word aan die etniese Bantoegroepe die moontlikheid gegun om 'n eie nasieskap los van die Unie of Republiek te ontwikkel, soos die geval was met die Britse Dominiums teenoor die Verenigde Koninkryk, onder die leiding van kapteins wat deur die Unie-regering gekeur word, en sonder kapitaalbelegging van buite, en in die algemeen in sulke omstandighede dat hulle inderdaad nooit onafhanklik sou kan word nie.

Blanke baasskap moet bo alles gehandhaaf word, en dan word dit gekamoefleer onder 'n rookskerm asof dit 'n kwessie sou wees van integrasie of segregasie, van republiek of monargie, of van trou aan Suid-Afrika of landverraad, van blanke selfhandhawing of 'n swart diktatuur.

En tog is die republiek geen kwessie nie, want dit sal in elk geval kom; en se gegasie is geen kwessie nie, want dit sal in elk geval bestaan; en trou aan Suid-Afrika is geen kwessie nie, want Suid-Afrikaners ken oor die algemeen geen ander trou meer nie, en blanke selfhandhawing kan verseker word sonder ewigdurende baasskap.

Maar dit gaan daaroor of Suid-Afrika Dr. Verwoerd sal volg in die handhawing van blanke baasskap onder die leuse van apartheid of afsonderlike ontwikkeling,

dan of dit saam met of sonder Dr. Verwoerd sal kies vir vrye selfbeskikking vir alle leefbare nasies in Suidelike Afrika in onderlinge samewerking, as uiteindelike en so spoedig moontlik te verwesenlike eindideaal.

Vir my is daar geen twyfel dat die laaste die regte keuse is nie; dié wat vir die eerste kies, kan dit doen wat my betref, sonder my, en daarmee Suid-Afrika onherroepelik tot wêreldverworpeling maak en die Christelike beskawingsroeping van Suid-Afrika tot 'n vervloeking vir Swart Afrika.

Maar daarmee sou nie net Dr. Verwoerd en die Nasionale Party verworpe wees nie, maar die Afrikanerdom self en Suid-Afrika as geheel. Daarmee kan ek my nie versoen nie - vandaar as eerste stap hierdie protes in Afrikaans gerig aan Die Transvaler en The Star.

L. J. du Plessis
Universiteitstraat 4
POTCHEFSTROOM, 3/7/60

N.S. Die eerste stap om Suid-Afrika te red m.i. moet wees nie om hierdie seksionele party-regering te vervang deur 'n ander party-regering nie, maar om 'n nasionale regering te verkry waarin ook die sakelewe behoorlik verteenwoordig sal wees en nie net professionele politici nie".

Dit is duidelik dat prof. Du Plessis se botsing met dr. Verwoerd fundamenteel van aard was. Veral twee sake was in die botsing ter sake: die ontwikkeling van die Swart volke en hulle gebiede tot onafhanklike state en die behandeling van Swartes in Suid-Afrika self. Die eerste het intussen verloop in die rigting waarop prof. Du Plessis aangedring het. Vandag word dit egter algemeen aanvaar dat die verbeeldinglose wyse waarop die Swart gebiede in die sestigerjare ontwikkel is en die laat stadium waarin die idee van nasionale selfbeskikking aan die Swart leiers voorgestel is, byna onoorkomelike struikelblokke geplaas het in die weg van 'n suksesvolle ontplooiing van die beleid. Wat die tweede saak betref, was daar tot nou toe nog nie veel vordering nie. Die lewensituasie van die Swartes is wel op verskillende fronte verlig; diskriminasie is op verskillende vlakke uitgeskakel; geriewe vir die Swartes is grootliks verbeter; die loongaping tussen Wit en Swart is drasties vernou. Die kernprobleem, naamlik die status van die Swartes in "Blankegebied", op grond waarvan die Swartes "gepaste medeseggenskap" sou kon kry, is egter nog onopgelos.

## SAMEVATTING EN EVALUERING

Samevattend kan gestel word dat L. J. du Plessis se antwoord op die "vraagstuk van lewe en dood, vir die Afrikanerdom en vir Afrika" 'n antwoord was wat duidelik ooreenkomste met die destydse apartheidsbeleid vertoon het maar wat tog baie ryker en ryper as die amptelike beleidspunte van die destydse Nasionale re-

gering was. Trouens, sy insigte verdien tans, in die soeke na 'n nuwe konstitusionele bedeling, nog steeds ernstige oorweging.

Selfbeskikking, desnoods tot die punt van soewerein onafhanklike state, vir alle lewensvatbare volke in Suid-Afrika was die kern van sy beskouing. Daarsonder sou dit onmoontlik wees, so het hy geglo, om die botsende nasionalisme in Suid-Afrika vreedsaam en in vryheid te akkommodeer. Naas die behoefte aan politieke selfbeskikking was hy egter goed bewus van ekonomiese en ander faktore wat middelpuntsoekend van aard is. Daarom het hy nouer maar duidelik gestruktureerde samewerking tussen die onafhanklike state van Suider-Afrika as essensieel beskou en wel in die vorm van 'n federasie. Die beginsel wat, volgens hom, in so 'n skema tot uitdrukking kom, is dié van eenheid met verskeidenheid en vryheid, wat hy nie alleen as die grondmotief van die Westerse staatkundige tradisie identifiseer nie maar ook as 'n beginsel wat deur die Bybel verskaf word. (Hoe die Bybel "van Genesis tot Openbaring" hierdie beginsel blootlê, is nooit uitvoerig deur hom beredeneer nie - altans nie in sy geskrifte wat deur my geraadpleeg is nie).

In die mate waarin die apartheidsbeleid gekant was teen kleur-, ras-, kultuur- en volksmenging tot een burgery sonder onderskeid was prof. Du Plessis 'n ondersteuner en verdediger van dié beleid. 'n Beleid van vermenging sou volgens hom die ongeloofsbeginsel van 'n kosmopolitiese en totalitêr afgedwonge eenvormigheid realiseer. Sy probleme het egter begin toe hy besef dat die apartheidsbeleid, selfs die van dr. Verwoerd in die vroeë sestigerjare, nie die beginsel soos die Skrif en die geskiedenis dit vereis, realiseer nie. In plaas van "'n egte en radikale beleid van afsonderlike nasionale ontwikkeling op grondslag van etniese samehorigheid wat gerig is op nasionale selfbeskikking vir alle lewensvatbare nasionaliteite" het die Nasionale regering by 'n beleid van blote skeiding en Blankebaasskap gebly.

Die identifisering van Blankebaasskap as "ons kanker" en as die oorsaak van ons wêreldverstotenheid en die Blankes se miskenning van die opkomende Swart Nasionalisme op 'n tydstip toe daar, om dit sag te stel, weinig waardering voor was in Afrikanergeledere,moet as 'n besondere bydrae tot die Suid-Afrikaanse politieke debat beskou word. Die prys wat hy daarvoor betaal het, is dan ook in ooreenstemming met wat gewoonlik aan 'n profeet deur sy eie mense uitgemeet word. Dat die gedagte van nasionale selfbeskikking vir die Swart volke later beleid geword het en nog later in die praktyk gebring is, kan grootliks tot krediet van L. J. du Plessis gereken word. Die slae wat hy daarvoor verduur het, was dus nie tevergeefs nie. Hy kan egter nie gekrediteer word met die beperkte mate waarin

hierdie beleid tot dusver geslaag het nie. Indien afsonderlike ontwikkeling reeds sedert die vyftigerjare as "'n egte en radikale beleid van afsonderlike nasionale ontwikkeling" ontplooi is en die Swart gebiede, wat die territoriale basis daarvoor moes vorm, met die verbeelding en dryfkrag aangepak is waarvoor hy gepleit het, sou die hele saak tans sekerlik veel verder ontplooi gewees het. Dit is 'n eenvoudige feit dat Swart nasionalisme as gevolg daarvan tans nog nie voldoende geakkommodeer is om 'n grootskaalse konflik in Suid-Afrika af te weer nie.

Die aanvaarding as beleid van die gedagte van nasionale selfbeskikking van die Swart volke is egter nie die einde van L. J. du Plessis se aktualiteit vir die Suid-Afrikaanse politiek nie. Sy voorstel vir 'n federasie van Suider-Afrikaanse state verdien tans ernstige oorweging. Dit is egter veral op die terrein van Suid-Afrika se interne verhoudingspolitiek wat sy insigte van twintig jaar nog ter sake is.

Hoewel die konsep van Blankebaasskap formeel met die idee van nasionale selfbeskikking vir die Swart volke vervang is, is Blankebaasskap wesenlik nog nie opgehef nie en bly 'n groot deel van die Blankebevolking nog daaraan vaskleef. Slegs drie (binnekort vier) van die agt Swart volke in Suid-Afrika het tot nou toe die pad van nasionale selfbeskikking kon loop. Oor die res hang daar groot vraagtekens. Die belangrike is egter dat groot dele van hierdie onafhanklike Swart state se potensiële burgers saam met miljoene ander Swartes nog steeds in Suid-Afrika in 'n apartheidsisteem woon en werk waarin die konsep van Blankebaasskap nog van deurslaggewende belang is. Blankeselfbehoud word nog steeds ten koste van die Swartes se politieke behoeftes en aspirasie beskerm. Ten spyte van baie aanpassings en toegewings om die Swartes se daaglikse lot te vergemaklik het daar steeds ten koste van die Swartes se politieke behoeftes en aspirasie beskerm.nog geen *kwalitatief* beter bedeling vir hulle (die wat nie in die onafhanklike Ten spyte van baie aanstate geakkommodeer is en wat die oorgrote neerderheid van die land se Swart bevolking uitmaak) aangebreek nie. Prof. Du Plessis se waarskuwing dat hierdie situasie geen beskerming van die Blanke is nie maar die sekerste manier om sy selfbehoud te ondergrawe, is nog steeds geldig - nou nog meer as twintig jaar gelede.

In 1960 het hy melding gemaak van "die huidige neerdrukkende vooruitsig op 'n bloedige en wedersyds hopelose rasse-worsteling vir baasskap" *(Calvinistiese perspektief,* 1960, p. 99). Ten spyte van bemoedigende ontwikkelinge sedertdien is die situasie vandag nie veel anders nie. Die beperkte mate waarin die beleid van afsonderlike ontwikkeling daarin geslaag het om die idee van afsonderlike vryhede moontlik te maak, moet nou erken en as basis gebruik word

vir alternatiewe metodes vir die realisering van die beginsel van eenheid met verskeidenheid. L. J. du Plessis het die weg aangedui: aanvaarding van die Swart, Bruin en Indiërlede van die bevolking as gelyke en volle burgers en die uitwerking, in oorleg met hulle, van 'n *differensiële* politieke bedeling. Dit is 'n bedeling waarin die eie leefruimte van elke bevolkingsgroep gewaarborg word, terwyl die feit van politiek-ekonomiese interafhanklikheid terselfdertyd verdiskonteer word. Dit beteken in die praktyk natuurlik dat die Blankes eventueel die alleenseggenskap oor Suid-Afrika sal verloor.

Dit is 'n konsep wat nie meer vreemd aan die Suid-Afrikaanse politiek is nie. Trouens, selfs die Nasionale regering opereer reeds daarmee. Die groot probleem is egter dat die regering dit tans nog slegs ten opsigte van die Kleurlinge en Indiërs wil toepas, met uitsluiting van die Swartes. Vir enige objektiewe waarnemer van die geskiedenis van Afrika en -hedendaagse wêreldgebeure behoort dit egter duidelik te wees dat dit 'n standpunt is wat op die lang duur of dalk ook nie so lank nie - gehandhaaf kan word nie. Eventueel sal die regering en die Blankes verplig wees om dit te aanvaar - weer met die nadelige gevolge van die te-min-te-laat-sindroom, soos die geval was met die erkenning van die Swart volke se selfbeskikkingsreg.

## BIBLIOGRAFIE


Afrika die prys aan die Ooste? 1965. *Dagbreek en Sondagnuus:* 9 Des. 23.

Al-Afrikaanse optrede nou nodig; ons vasteland se rol in die Weste. 1955 *Dagbreek en Sondagnuus:* p. 9. Febr. 27.

Apartheid: ja of nee of ja-nee? Broeder Buskus broederlik beantwoord, synde 'n Afrikaanse reaksie op die boek van ds. J. J. Buskus. 1957. Potchefstroom: Pro Rege.

Blanke nasionaliste en Nie-Blanke nasionalisme. 1957. *Dagbreek en Sondagnuus: 8 Apr. 14*

Brief aan die Voorsitter, ACB, 20 Desember 1958. Handgeskrewe manuskrip. 8 pp.

Brief aan J. P. van der Spuy, 16 Julie 1960. Getikte manuskrip. 28 pp. - bylae ingesluit. (Die brief handel oor sy bedanking uit die Afrikaner Broederbond.)

Brief aan *The Star*, 3 Julie 1960. Hangeskrewe manuskrip. 4 pp.

Calvinistiese perspektief; Calvinistiese reaksies op die huidige wêreldveroordeling van Suid-Afrika. 1960. *Koers*, 28(1) 23 - 6. Jul.

Calvinistiese perspektief; 'n konstruktief bedoelde banadering van ons rassevraagstuk. 1960 *Koers* 28(2): 98-103 Aug.
Eis Christelike beleid selfvernietiging? 1954 *Dagbreek en Sondagnuus,* Jan. 10
Gevra: nuwe leiding vir nuwe politiek. 1957 *Die Weste:* 7 Aug. 29
Grondtrekke van 'n toekomstige rassebeleid vir Suid-Afrika; toespraak te Pretoria, 22 Nov. 1957. Getikte manuskrip. 7 pp.
Die Hervorming en Afrikaner-republikanisme. 1955. *Woord en Daad,* 2(10). Okt.
Die hoofpartye kan saamwerk oor rassebeleid. 1956. *Dagbreek en Sondagnuus*:9 Jun. 24
Die huidige buitelandse gebeure vanuit Afrikaans-Calvinistiese standpunt. 1958. *Woord en Daad,* 3(4) Mei.
Nasionale roeping. 1960. *Koers,* 27(11): 313-317, Mei.
Nie-Blanke leier se rol in Afrika. 1956. *Dagbreek en Sondagnuus:* Okt. 14.
Ons, die wêreldverstotenes. 1960. Getikte manuskrip, 3 pp.
A possible future federation of Southern Africa. 1961. Getikte manuskrip, 4 pp.
Some views on national and international concepts for South Africans in the evolution form Union to Republic. 1960. Handgeskrewe manuskrip, 6 pp.
Die sin van die geskiedenis; die bydraes en leemtes van die tradisionele Teologie, die bydrae en leemtes van die Filosofie en moderne wetenskap, en 'n eie tentatiewe Skriftuurlik-historiese konklusie in geloofsoptimisme. 1960. Handgeskrewe manuskrip, 11 pp.
Staat en reg. 196?; Handgeskrewe manuskrip, 17 pp.
Suid-Afrika in die tweede helfte van die twintigste eeu. 1950. (*In* 'n Halfeeu van die Afrikanerprestasie, 1900-1950. Johannesburg, L. en S. Boekesentrum.)
Die Suid-Wes-kwessie. 1961. Handgeskrewe/getikte manuskrip. 123 pp. (Lesing voor die Afrika-Seminaar van die PU vir CHO, gehou op 16 Aug. 1961 en later aangevul met die oog op publikasie.)
'n Toegewyde tydswoord namens die kultureel-georganiseerde Afrikanerdom van Potchefstroom aan sy staatkundige leier in hierdie roepingswanger tydsgewrig by geleentheid van sy beloftevolle herstel uit doodsgevaar. 1960. Handgeskrewe manuskrip, 16 pp.
Towards one world — how? South Africa's "racialism" and the present world crisis, in their bearing on Africa and the problem of global unity. 1958. Getikte manuskrip, 192 pp.
Uiteindelike keuse voor S-Afrika; poging om dit te omskryf. 1952. *Dagbreek en Sondagnuus:* 8. Des. 7
Unie se rol in die politieke ontwikkeling van Afrika. 1958. *Dagbreek en Sondagnuus:* 27. Des. 7
'n Valse dilemma. 1956. *Koers,* 23(5) 262-267. Apr.
Die volgende 50 jaar; Tomlinsonverslag bied vergesigte in die toekoms. 1956. *Dagbreek en Sondagnuus:* 9. Mei 6.
Vroeë oplossing moet gevind word.. 1953. *Dagbreek en Sondagnuus:* 9 Okt. 11.
Weer hoop in die land, en welwillendheid vir S.A.? Vraag aan die partyleiers. 1952. *Dagbreek en Sondagnuus:* 2. Sept. 14